Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

11 April 2021

09:30 EREDIENS/INTYDSE UITSENDING
Ds. Piet

Ons het die afgelope week met ons Fokustydstudies gefokus op die beloftes van God se sorg aan ons. Op grond van hierdie beloftes van God se sorg, het Jesus ons ook leer bid: “Gee ons vandag ons daaglikse se brood”. Ons kyk vanoggend verder na hierdie vierde bede van die Ons Vader-gebed aan die hand van Psalm 23 sodat ons dit van harte kan bid en kan glo dat God te alle tye vir ons as burgers van sy koninkryk sal sorg.

Tema: God sorg vir ons en daarom is ons gerus en tevrede

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 145-1: 1, 8, 9, 10, 11, 12 en Ps 146-2: 1, 3, 5, 6.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 111 - 2: 1, 2, 3, 4; Votum; Seën; Loflied Ps 103-2: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Deut 5; Sing Sb 9-1: 1, 10, 11; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 23
Teksverse: 1
Belydenis: HK Sondag 50; Sing: Lied 577: 1, 2, 3; Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Sb 10-1: 3, 4 (Mel: Ps 50 se tweede melodie-Melita); Gebed; Sing Ps 23-1: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes by die deure: Vir die Diakonie en die Kerkblad.

KLEINGROEPBEDIENING VANAAND
Soos deur groepe gereël. Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar waarby lidmate welkom is om in te skakel:

- 17:00 Groep 25
- 17:00 Groep 32, br Pieter Potgieter in die konsistorie
- 18:00 Groep 35 - jong volwassenes saam met Erasmus Venter

FOKUSTYD: WEEK NEGE
Hierdie voorlaaste week van ons fokustyd gaan ons verder fokus op die praktyk van ons nuwe lewe binne die koninkryk van God.

Hoe ons, ons maskers afhaal en getuienisgedrewe lewe. Ons gaan kyk na hoe ons mekaar moet vergewe, na ons volledige wapenrusting in die stryd teen Satan en hoe ons op ‘n nuwe manier beproewinge deurleef. Kom ons maak die meeste van hierdie gefokusde studie om daardeur ons verhouding met God te versterk.

MEELEWING

- Hugo en Magda Huisman (Groep 5 - 084 548 2714) het COVID-19 opgedoen en Magda is weer in die hospitaal opgeneem vir behandeling. Hugo sterk tuis aan.
- Esta du Plooy (Groep 27 - 082 532 3510) is ontslaan uit die hospitaal en sterk tuis aan.
- Salomé Jonker (Groep 16 - 072 799 1797) sukkel nou al baie lank om van gordelroos ontslae te raak en sy ervaar baie pyn en ongemak.
- Sr Lien Kruger (Groep 1 – 072 458 0250) is baie swak na haar hartomleidingsoperasie en is weer in Medikliniek opgeneem.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, asook Annatjie Duvenage.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak ds. Piet of u ouderling om die nodige reëlings te tref.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Kleingroepbedieninge

Maandag
17:30 Diakonie: Dagbestuur en DG-leiers

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:15 Katkisasie graad 11
18:00 Sustersbestuur

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie graad 8
18:00 Katkisasie graad 9
18:30 Katkisasie graad 10
19:00 Fokustyd aanlynvrae en bespreking

Donderdag
18:00 Elim Bybelstudie

SAKE VAN DIE KERKRAAD:

GEMEENTEVERGADERING: BEGROTING 2021 - 2022

Die ouderlinge het die nuwe begroting goedgekeur en wil die begroting op **Sondag 18 April** aan die gemeente - tydens ‘n gemeentevergadering na die diens - voorhou vir goedkeuring. Lidmate wat ‘n meer volledige uiteensetting van die begroting wil bekom of vrae het, kan br Krause van der Walt kontak.

NAME WAT VIR GOEDKEURING AAN DIE GEMEENTE VOORGEHOU WORD:
Vir die diens van ouderling: Earnest de Vries, Johan du Preez, Peet du Plooy, Jan van Jaarsveld en JD Aucamp.
Vir die diens van diakens: Hannetjie du Preez, Christa Bloem, Thys Botha, Nicolaas Erasmus en Andreas Alberts.

Ons het tans 8 vakante ouderlinggroepe wat beteken dat ongeveer ‘n derde van die gemeente ouderlingbediening ontbeer. Ons bid dat die Here ook aan hierdie behoefte van die gemeente sal voorsien.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 11 April
Sr Marna v Emmenis 068 522 0290

Maandag, 12 April
Sr Nicolette Visser 082 925 2377

Dinsdag, 13 April
Sr Estelle Earle 079 506 0595
Br Ig Hefer 083 651 2055

Woensdag, 14 April
Sr Hannetjie Coetzer 084 580 0201

Donderdag, 15 April
Sr Chanelle v As 083 501 7181

Saterdag, 16 April
Sr Annatjie Duvenage**(79)** 071 604 0456

BYBELLEESPROJEK

In week 13 van die Bybelleesprojek, wat strek van 12 April tot 18 April, lees ons die week saam uit 2 Samuel en eindig die week met 1 Kronieke:

Maandag	2 Samuel 7:1 – 11:27
Dinsdag	2 Samuel 12:1 – 14:24
Woensdag	2 Samuel 14:25 – 17:29
Donderdag	2 Samuel 18: 1 – 20:3
Vrydag	2 Samuel 20:4 – 22: 51
Saterdag	2 Samuel 23:1 – 24:25
Sondag	1 Kronieke 11:1 – 13:14

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur ’n e-pos aan eav.venter@gmail.com

ONS BESTUDEER DIE BELYDENISSKRIF

Die reeks het Donderdag, afgeskop! Enige lidmaat is steeds welkom om Donderdagaande om 18:00 vir 18:30 in Elim, hierby in te skakel!
Onthou jou Bybel, Psalmboek en Masker.
Almal is welkom!

KERKLIKE TYDSKRIFTE: KERKBLAD EN VROUEBLAD

Die tydskrifte is vandag in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

KENELKANDER

Daar is nog ‘n paar Kenelkanders in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat dalk nie kans gehad het om te bestel nie.

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK

(WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD. ASB GEEN huisafval nie! Die glas/blikkies/plastiek moet asb uitgespoel wees.

MOET ASB NIE U HERWINNINGSAK OOR DIE HEINING GOOI INDIEN DIE HEK TOE

IS NIE. SKAKEL DIE KOSTER SODAT U 'N TOEGANGSKODE KAN KRY.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)
ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die GKSA dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir die **Kerkblad.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:
Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE:

PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-Warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Baie dankie aan ons borg van die week!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

HEBREëRS VIER VERBONDSFEES



HEBRON. - 'n Groot verbondsfees is die afgelope week hier by die groot bome van Mamre gehou, om die verbond wat God met Abram gesluit het, te vier.

"Die verbond beteken dat God Hom daartoe verbind om hulle God te wees en vir hulle te sorg," het Abram gesê. "Hy het ook belowe dat ek 'n groot nageslag sal hê. Daarom het Hy my naam verander na Abraham. Sarai se naam is ook verander na Sara en God het aan my gesê sy gaan binnekort 'n seun hê," het hy trots bygevoeg.

'n Voorwaarde van die verbondsooreenkoms is dat al die manlike lede van sy huishouding besny moet word, om hulle daaraan te herinner dat hulle op 'n besondere manier aan God behoort.

Dit is duidelik dat Abraham oortuig is dat hy en Sara binnekort 'n seun ryker gaan word. Of dit so sal wees, sal net die tyd leer. Hy is immers al 99 jaar oud en sy 89!

Lees hiervan in Gen. 17

Bron: Die Bybelkoerant